LAAT DAAR LIG WEES
SEDERT 1920

# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL | UITGAWE 2 | 2026




Foto: iShootStories Powered by King Price Insurance

## AKADEMIE HOU AFFIE-MANNE BÉSIG

bl. 4 en 5



Michiel Jansen van Rensburg in die laboratorium



Karel Jan Doyer by die entrepreneursmark

# REDAKSIONEEL

## Die *halftydfluitjie* het geblaas ...

Christiaan Brits

Oor net vier maande loop die matrieks van 2026 oor die verhoog, terwyl die klanke van die klok deur die rooibaksteengebou eggo. Die rekord- en eindeksamen is om die draai vir ons matriekgroep, en daarmee saam groet ons ons broers, mentors en vriende. Mense wat mekaar as familie beskou, sien mekaar binnekort vir die laaste keer in volle skooldrag. Soos in 'n hokkiewedstryd het die tweede chukka se fluitjie nou geblaas.

Boonop is dit my en die ander matriekredaksielede se laaste *Stroom-op*. Ons sal nie weer ons penne kan opneem om te skryf oor Affie-geskiedenis wat daagliks gemaak word nie. Maar om te weet ons name is vir ewig by die berigte van die *Stroom-op* gedruk en "ingeïnk", laat my niks minder nie as trots voel.

Die tweede kwartaal van 2026 is sowaar een wat vir altyd onthou sal word. Die Witbulle het geskiedenis gemaak, en die Witstokke het ons almal daaraan herinner dat hulle 'n krag is om mee rekening te hou (bladsy 10).

Ook op die kultuurakker het dinge goed gegaan met hope individuele en groepsprestasies in kompetisies waarby die koor, redenaars, debat en orkeste betrokke was.

En dan – die belangrikste van alles – daar is gewoeker wat akademie betref! Afgesien van klaswerk, toetse en eksamen, was daar ook interessante uitstappies, olimpiades en kompetisies wat die Affies besig gehou het.

Ons beleef baie seëninge. Die geluk wat elkeen van ons ervaar om in hierdie skool te kan wees, is iets wat nie in woorde uitgedruk kan word nie.

Dankie vir 'n uitstekende eerste helfte en dankie aan almal wat Affies Áffies maak.

Laat daar lig wees.

**REDAKSIE**
Christiaan Brits (redakteur), Alexander Coetzer Kristensen, James Roets, Callie Visagie, Jay-Dee Nel, Paul-Ralph Smit, Bjorn Pendlebury, Hardus Ferreira, Braden Koegelenberg, Schalk du Toit, Hein Barnard, Gerdus Coetzee, Ettiene Buitendach, Frederick Roux, Ruben Dreyer en Christiaan Jacobs

Voorbladfoto: Dehan Botha, Juan Ferreira en Jano Geyser tydens die wedstryd teen Grey Kollege.

# *AHS GROET* STAATMAKER-ONDERWYSERS

**ME. SONJA PISTORIUS**

Me. Sonja Pistorius was vanaf 1992 as Wetenskap- en Biologieonderwyser by Affies werksaam. Na 34 jaar het sy besluit om 'n bietjie vroeër af te tree. Me. Pistorius was 'n ware Affie, want toe sy gebore is, was haar pa reeds as onderwyser aan die skool verbonde terwyl haar ma destyds ook in Affies se snoepie gewerk het. Jare later het haar eie seuns ook aan AHS gematrikuleer.

**ME. ERIKA SWANEPOEL**

Me. Erika Swanepoel, wat in Mei afgetree het, het in 2007 as 'n ervare EBW- en Rekeningkunde-onderwyser by AHS aangesluit. Reeds in haar eerste jaar by Affies het sy die graad 9-entrepreneursdag begin en dit het só gegroei dat dit nou een van die hoogtepunte op die skool se kalender is. Me. Swanepoel was ook die organiseerder van die Affie-Artes by AHS en was sedert 2018 aan die stuur van tafeltennis. Ook háár seun het by Affies matriek geskryf.

**DR. JANNIE LE ROUX**

Dr. Jannie le Roux was die afgelope 12 jaar as begeleier by die Musiekdepartement betrokke en hy het die musiekleerders met groot moeite, geduld en toewyding begelei en help ontwikkel tot puik musikante. Na die aftrede van mnr. Floris Smith is dr. Le Roux ook as dirigent van ons Konsert-orkes aangestel. Dr. Le Roux is van 1 Julie af as senior dosent in Musiek by die Noordwes Universiteit aangestel.

**MNR. FRANCOIS SCHULD**

Mnr. Francois Schuld, oud-Affie (matriek 2010), was die afgelope drie jaar 'n onderwyser in Afrikaans en Lewensoriëntering by Affies. Mnr. Schuld was betrokke by die afrigting van die eerste krieketspan sowel as by die derde en vierde rugbyspan. Hy verlaat Affies vir 'n nuwe rol in die privaatsektor.




*Mnr. Schuld, mee. Erika Swanepoel en Sonja Pistorius en dr. Jannie le Roux op die verhoog tydens die saalbyeenkoms.*

# *AUF WIEDERSEHEN,* OSCAR!

Christiaan Brits

Oscar Bräuer, 'n Duitse uitruilstudent wat die afgelope jaar hier by Affies gekuier en skoolgegaan het, het ons einde Mei verlaat. Hy was 'n uitstekende student en vriend, en het die Affie-leefwyse werklik sy eie gemaak. *Stroom-op* het in die week voor hy weg is, kans gehad om hom 'n paar vrae te vra.

***Van watter streek in Duitsland kom jy?***

Ek kom van Bavaria – dit is naby die Alpe in die suide van Duitsland en sowat 'n halfuur se ry suid van die groot stad Műnchen.

***Hoekom het jy besluit om hierheen te kom en hoe lank was jy hier?***

Ek wou nog altyd 'n uitruiljaar doen, net om 'n bietjie weg te kom van my lewe in Duitsland, om ander dele van die wêreld te sien en om ander kulture te beleef. Suid-Afrika was vir my net 'n gelukkige keuse. Ek het verlede jaar aan die einde van Augustus in Suid-Afrika aangekom, so ek was sowat nege maande hier.

***Wat geniet en waardeer jy die meeste van Suid-Afrika en hoe verskil die leefwyse van dié in Duitsland?***

Ek waardeer regtig die mense en die kultuur. Die meeste Suid-Afrikaners is baie "oop" en gesels graag. Ek het byvoorbeeld sopas met 'n kassier hier in 1920 gepraat en ons kon vir amper 10 minute gesels oor Duitsland en sommer ook oor ander onderwerpe. Dié toevallige interaksies hier is vir my baie lekker.

Omdat ons as Duitse tieners maklik kan uitgaan en kuier sonder om ons oor ons veiligheid te bekommer, bring dit mee dat ons dalk meer dinge saam met ons vriende doen en minder tyd met ons families spandeer. Hier, dink ek, leef 'n mens nouer saam met jou familie.

***Wat is iets spesifiek van Affies wat jy nooit sal vergeet nie?***

Die sportgeleenthede en die gevoel van broederskap, veral tydens groot interskoolbyeenkomste soos dié teen Grey Kollege. Dit is iets wat ons nie in Duitsland het nie, so dit is baie spesiaal vir my. Ook die atletiekinterhoër, die interhuis en selfs die Affie-spele was lekker. Ek het glad nie beplan om aan enige van hierdie goed deel te neem nie, maar toe kort hulle tydens die Affie-spele iemand vir die aflos en ek moes toe sommer gaan hardloop. Ek was die stadigste van die klomp, maar dit was nog steeds baie lekker.

***Wat het jy by Affies geleer wat jy graag saam met jou wil saamneem na Duitsland?***

Mense hier is baie gedissiplineerd. Hulle fokus daarop om die beste te wees in sowel skoolwerk as sport. Dit is iets waarop ek graag in my lewe wil fokus.

***Kan jy al Afrikaans praat?***

Ek kan darem al 'n bietjie. Ek verstaan meestal wat almal sê, maar ek praat dit nog nie baie goed nie en ek kan nie alles reg uitspreek nie.

***Wat gaan jy doen wanneer jy in Duitsland terug is?***

Ons het nou weer 'n twee- tot driemaandelange vakansie, so ek sien uit om net weer met my vriende te kuier, lekker tradisionele kos te eet en fiets te ry.



*Oscar Bräuer en Christiaan Brits*

# *Militêre veterane* by *Monument vereer*



*Van links is dr. Pierre Edwards, Martin van Niekerk, James Roets, dr. Corné Mulder (onderhoofseun en koshuishoofseun, 1976), Callie Visagie, Juan Ferreira, Liam Vermeulen, mnre. Tekkies Barkhuizen en Peregrine Joynt*

James Roets

Mnre. Peregrine Joynt en Tekkies Barkhuizen en die vyf hoofleiers het op 31 Mei die Gedenkmuur by die Voortrekkermonument besoek om hulde te bring aan Suid-Afrikaanse soldate wat tydens operasionele diens in Suidwes-Afrika (Namibië) gesterf het. Hulle is vergesel deur Affies se voormalige hoof, dr. Pierre Edwards. Dr. Edwards en mnr. Barkhuizen is albei voormalige lede van die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW).

As deel van die kransleggingseremonie het die hoofleiers 'n houtkruis neergelê op die plek waar die name van die ses oud-Affies verskyn wat hul lewens tydens die Grensoorlog afgelê het. Dit was 'n baie spesiale dag vir Affie-geskiedenis en -erfenis en almal was gevul met dankbaarheid vir die diens van hierdie oud-Affies.

# STOFFEL: DIE LANG PAD TERUG NA AFFIES

Marinus Venter


Van jong seun wat "chloorbomme" in sy agterplaas vervaardig het tot gesoute romanskrywer – dít is die verhaal van Christiaan Bakkes! 'n Verhaal baie soortgelyk aan dié van Indiana Jones (natuurlik net sonder die sweep).


Mnr. Bakkes praat in die saal met al die Affies

Christiaan en sy vrou Marcia het op 19 Mei 'n draai by Affies gemaak om stories en skryfadvies met die skool, sowel as met die Afrikaans-onderwysers, te deel.

Hoewel mnr. Bakkes nie by Affies gematrikuleer het nie, het hy met heimwee vertel van die groot rol wat die skool in sy lewe gespeel het. Hy het verduidelik dat sy inspirasie en liefde vir skryf gespruit het uit die voorgeskrewe boeke wat hulle destyds in die Afrikaans- en Engelsklasse gelees het.

"Skrywer" was nie 'n woord wat noodwendig deel was van die jong Christiaan Bakkes se toekomsplanne nie, maar hy is gedwing om sy werk as veldwagter in die Nasionale Krugerwildtuin te laat vaar nadat 'n krokodil sy linkerarm afgebyt het. Na dié ongeluk het hy besef dat hy dalk sonder geld sit, maar dat hy wél oor unieke en wonderlike ervarings uit die Afrikabos beskik. Hy het toe besluit om oor sy avonture as veldwagter te skryf. In 1998 is sy eerste boek, *Die lang pad van Stoffel Matthysen*, gepubliseer. Hiervoor het hy nie 'n resep of 'n plan gehad nie – net 'n hond, 'n pen en 'n báie goeie storie om te vertel. Dít is die boodskap waarmee hy ons gelaat het: "Geen storie is te onbenullig om oor te skryf nie!"





*Mnr. Bakkes in die mediasentrum in gesprek met personeel en leerders. By hom is sy vrou, Marcia.*

Elke mens, elke Affie, het sy eie unieke storie, en dít is waarom daardie stories gedeel moet word. So skryf jou storie sonder die vrees vir foute of kritiek. Dalk, net dalk, skryf jy 'n storie wat, net soos dié van mnr. Bakkes, die wêreld sal verander.

## ... en verwelkom ook vir



Mnr. Paul Ferreira (heel links) is reeds vir 'n geruime tyd deeltyds by die Musiekdepartement betrokke, maar gaan nou as voltydse begeleier en ook as klavieronderwyser diens doen. Langs hom staan me. Marnel Snyman wat van die derde kwartaal af as Lewenswetenskaponderwyser by Affies inskakel. Sy het vir die afgelope 15 jaar Wetenskap by Hoërskool Warmbad gegee. Mnr. Jan-Willem de Flamingh is as IKT-bestuurder by AHS aangestel. Heel regs is dr. Marchantia Pollock wat tot aan die einde van die jaar by die EBW-departement sal klasgee.

## BOUWERK op die terrein vorder fluks



Affies se krieketklubhuis word tans opgegradeer. Dit sluit die bou van 'n tweede vlak in en die sementblad hiervoor is reeds op 12 Junie gegiet. As alles volgens plan verloop, behoort die projek teen 2 September voltooi te wees.

Daar is ook tydens die wintermaande aandag gegee aan nuwe nette en 'n oefenvlak vir skyfwerp en gewigstoot en 'n nuwe stoorkamer vir die Musiekdepartement is ook in aanbou.

## In Memoriam



Affies het in Maart met leedwese afskeid geneem van Ruben Bezuidenhout in matriek nadat hy in Desember 2025 met 'n aggressiewe breingewas gediagnoseer is. Ruben was 'n passievolle atleet en het kort voor sy dood ook sy slag in die bokskryt gewys. Al kon hy nie tydens sy matriekjaar fisies in die skoolbanke sit nie, het hy in gees 'n ware Affie gebly – iemand wat met waagmoed tot aan die einde vasgebyt het. Affies betuig sy innige simpatie met Ruben se ouers, familie en vriende.

## Matrieks van 2031 kom kuier in hulle hordes

Christiaan Brits

Affies se hoogs suksesvolle opedag was vanjaar op 15 April en voornemende standerdsesse en hulle ouers het reeds vanaf 13:30 by die skool begin opdaag.

Die besoekers is sommer met hul aankoms reeds verwelkom deur die vrolike musiek van die swing-ensemble, wat groot aftrek gekry het. In die sporttonnel het elkeen 'n verwelkomingslêer gekry met 'n glansbladinligtingsboekie oor Affies. Hulle kon dan ook die pamflette wat by die onderskeie stalletjies uitgedeel is, hierby voeg.

Die koor het om 17:00 voor 'n stampvol saal opgetree, waarna mnr. Joynt die gehoor toegespreek het. Terugvoer van die outjies wat by die *Stroom-op*-stalletjie aangedoen het, was dat die dag hier op die Affie-plaas vir hulle 'n fees was.


*'n Toergroep op pad na die Kunstekampus*


*Die vrolike klanke van die swing-ensemble het gesorg vir 'n lekker gees.*

# MARKDAG = *FINANSIËLE* UITPUTTING

Ettiene Buitendach

As jy markdag oorleef het sonder om bankrot huis toe te gaan, is dit indrukwekkend. Al die klante het hulself belowe dat hulle net "een ding" gaan koop, maar niémand het by daardie plan gehou nie.

Die hele skool was van vroegoggend af reeds in rep en roer, met graad neges wat rondhardloop met óf 'n tafel, óf 'n koelhouer in die hand.

Oral was daar musiek, mense wat probeer klante werf en daardie één groep wat heeltyd skree dat húlle kos die beste is. Jy kon nie verby 'n tafel loop sonder om iets aangebied te word nie. Daar was iets van alles – van oepsies tot koekie-chips.

Die snaaksste deel was hoe ernstig ván die ouens oor hul stalletjies geraak het, sommige so vinnig as wat die dieselprys styg. Ánder het weer "random specials" uitgedink soos die dag gevorder het. Teen die einde van pouse was die meeste stalletjies óf besig om goed geld te maak óf besig om te wonder waar hul die spoor byster geraak het.

Die beste deel van die dag was egter die atmosfeer. Almal was in 'n partytjiebui en mense het rondgeloop, gelag, geëet en die dag geniet. Selfs die onderwysers het vir eens ontspanne gelyk.

Markdag is seker een van die min dae waar almal opgewonde is om skool toe te kom. Dis chaoties, dis luidrugtig en jy spandeer heeltemal te veel geld … maar dít is deel van die genot!












Die ses varkies se pap en kaiings was vinnig uitverkoop.

# Die *gezoem* van die *bye* …



Christiaan Jacobs

Die graad 10's wat Lewenswetenskappe as vak het, het op 23 en 24 Maart 'n opvoedkundige uitstappie na 'n byeboerdery buite Pretoria onderneem. Hiér kon die seuns nie net aan die heuning proe nie, maar ook meer leer oor die Afrika-heuningby (Apis mellifera scutellata).



Die leerders is op elk van die twee dae in twee groepe verdeel. Die een groep het 'n inligtingsessie deur 'n byeboer bygewoon waar hulle meer geleer het oor die belangrikheid van bye en die kardinale rol wat hulle in die bestuiwing van plante en die handhawing van 'n stabiele en gesonde ekosisteem speel.

Die ander groep het, met beskermende pakke aan, die byekorwe besoek. Hier kon hulle die bye van nader beskou en hulle dophou terwyl hulle hul werk doen. Daarna het die groepe omgeruil voordat hulle uiteindelik almal die geleentheid gekry om aan die verskillende soorte vars heuning te proe.

Die uitstappie was baie leersaam en interessant en die seuns het waardevolle kennis oor bye en die natuur opgedoen. Na bewering het drie manne ook eerstehandse ervaring opgedoen oor die wyse waarop die bye hulle korf beskerm … !



Die graad 10's leer die bye van nader ken.

# *JONG BELEGGERS* WOEKER MET (DENKBEELDIGE) *AANDELE*



'n Volle 29 spanne van graad 10 tot 12 neem vanjaar aan die JSE Investment Challenge deel en een van die Affie-spanne het sommer in die eerste maand reeds in die top-10 geëindig. Jurgens Bornman, RH van der Merwe, Henno Seyffert en Ettiene van der Merwe (foto links) was einde Mei in die agtste plek.

Die leerders kry in dié nasionale kompetisie die kans om met 'n virtuele R1 000 000 beleggingsportefeulje op die JSE-platform te werk, waar hulle aandele koop en verkoop soos in die werklike lewe – net sonder enige finansiële risiko. In die proses kry hulle waardevolle ervaring in finansiële geletterdheid, spanwerk, besluitneming en strategiese denke.

Die kompetisie het in Maartmaand begin en duur tot September.

## KORTLIKS



Juandré Gerber (graad 11) het onlangs 'n derde plek by die ATKV Senior **Afrikaanse Olimpiade** behaal.



Joshua Bergh (graad 12) het van 12 tot 19 Julie aan 'n internasionale **Biologie Olimpiade** aan die Universiteit van Vilnius in Litaue deelgeneem.



**Trompetspeler** Julius Eybers (graad 12) het van 2 tot 13 Julie aan die Stellenbosch Internasionale Kamermusiekfees deelgeneem. Dit was moontlik gemaak deur 'n borgskap van die bekende ekonoom en oud-Affie, prof. Rudolph Gouws (matriek 1965) wat intussen oorlede is.

# GESKIEDENIS-ENTOESIASTE REIS WES-EUROPA PLAT!

Schalk du Toit

Op 25 Junie het 'n groep van 28 seuns en drie onderwysers vir tien dae op 'n toer na Nederland, België en Frankryk vertrek waar hulle Europa se ryk oorlogsgeskiedenis verken het.

Die Affies het op 26 Junie in 'n bitter warm Nederland aangekom en hul toer afgeskop met 'n bootrit deur die bekende kanale van Amsterdam. "Ons het hier meer geleer oor die wonderlike geskiedenis van die geboue en ander Nederlandse besienswaardighede, maar heelwat van die manne moes noodgedwonge hul koppe by die vensters van die boot laat uithang sodat hulle kan afkoel en hulle het beslis nie alles gehoor wat die "skeepskaptein" of gids gesê het nie", vertel Marinus Venter (graad 11).

Op dag twee is die Rijksmuseum besoek, waar hulle wêreldbekende kunswerke soos *Die Nagwag* van Rembrandt van Rijn kon bewonder. Die Jan van Riebeeck-museum was volgende aan die beurt en almal kon hier meer leer oor sy reise en nalatenskap.

Die stad Brugge in België was die volgende bestemming. Die toergroep het die Hill 62 Memorial besoek waar hulle die loopgrawe van die Eerste Wêreldoorlog verken het. Daarna was die Affies by die Somme Slagveldmuseum en die Great War Museum om só meer oor die oorlogsgeskiedenis van dié streek te leer.

In Frankryk kon die leerders die D-Dag-slagvelde by Omaha-strand en die militêre begraafplase besigtig waarna hulle na Parys vertrek het. Hiér het hulle natuurlik tyd by die bekende Eiffeltoring deurgebring voordat hulle die Franse Leërmuseum (*Musée de l'Armée*) besoek het waar Napoleon Bonaparte se graf geleë is.

Afgesien van al die historiese besienswaardighede het die groep ook moderne kunsmuseums besoek en die stad verder verken.

Die Affies was weer op 4 Julie sak en pak terug op Suid-Afrikaanse bodem ná 'n leersame en onvergeetlike geskiedenistoer.


Hans-Hugo Grundling by die Sanctuary Wood Museum, Hill 62 in België


Die groep by 'n reusekanon uit die Tweede Wêreldoorlog


Die toergroep langs die een van die kanale in Amsterdam



# *Jong Affie* en spanmaat se *KI-program* kan nasienwerk vir onderwysers makliker maak

Schalk du Toit

Gustav Heesen (graad 8) en sy spanmaat Johan Vorster (graad 8 in Boys High) het 'n KI-program ontwikkel wat onderwysers met nasienwerk kan help en het Suid-Afrika van 8 tot 12 Junie by die Genius Olimpiade in Rochester, New York, verteenwoordig.

Die twee het reeds verlede jaar aandag getrek toe hulle as graad sewes in Laerskool Anton van Wouw die eerste leerders ooit geword het wat in die Gauteng-Noord Imbewu Wetenskapskou as wenners weggestap het. Vroeër vanjaar het hulle aan die Suid-Afrikaanse Jeug Omgewings- en Wetenskapsimposium (SAYESS) deelgeneem en die titel van Tweede Naaswenner Nasionaal verwerf. Hierdie prestasie het aan hulle die uitnodiging besorg om aan Genius Olimpiade deel te neem.

Volgens Gustav was dit 'n ongelooflike ervaring om dié geleentheid by te woon waar deelnemers van meer as 80 lande bymekaargekom het. "Ons moes ons werk saam met sowat 800 ander deelnemers by 'n groot tentoonstelling uitstal en aan ses beoordelaars voorlê en verduidelik. Ons het ook vriende gemaak – veral met kinders uit Letland met wie ons heerlik gesels het."

Die twee spanmaats hoop dat hul program op die langduur werklik 'n verskil in Suid-Afrikaanse klaskamers sal kan maak.

# **Jong skrywers** se werk in *Poort* gepubliseer

Twee jong Affie-skrywers se werk is vanjaar in die *Poort*-bundel van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns opgeneem.

Martinus van Rooyen (graad 11) se gedig *Kamplied* is gepubliseer, sowel as 'n prosastuk (*Die laaste klok*) van Armand Cillié (graad 10).


Martinus van Rooyen (graad 11)


Armand Cillié (graad 10).

Die kompetisie word jaarliks deur die Akademie aangebied vir leerders van graad 10 tot 12 en AHS het vanjaar 'n volle 28 inskrywings gehad.

**KAMPLIED**

Herr Schäfer, Herr Schäfer die kind roep na my
Haar stemmetjie trek ver in die kille oggendbyt
Herr Schäfer, Herr Schäfer, wat maak jul tog met haar?
Sy ken nog nie die rede vir hierdie groue dal.
Herr Schäfer, Herr Schäfer, my vrou dié roep na my
Haar stem dié kom van ver, uit woeste Afrika na my
Herr Schäfer, Herr Schäfer, waar dink jy tog is sy?
Bid vir haar Herr Schäfer,
Sy is moeg en sag en fyn.

Herr Schäfer, Herr Schäfer, jy staan daar by die deur,
En skree my ore dood, nes ek so sal wees
Herr Schäfer, Herr Schäfer jou hand is aan jou sy.
Skryf tog vinnig aan my vrou en sê:
"Hy is soos vele vry."



**WAT 'N DRAMA!!!**

Graad 9's Hanray Grundling en Matthew Esterhuizen oefen hard aan hul monoloë vir dramaklas in Skeppende Kunste.

# AFFIEKOOR KÓÓK BY ATKV ÉN EISTEDDFOD

Alexander Coetzer Kristensen



Die Rooidasse het in Junie verneem dat hul na die landswye finaal van die ATKV Applous Koorkompetisie deurgedring het. As alles goed gaan, sal die koor vroeg in Augustus na Kaapstad reis om hulle staal daar te wys. Die eerste rondte van dié nasionale kompetisie was reeds op 16 Mei en die manne het, selfs met moeë stemme weens die Grey-naweek, puik gesing om hul plek tussen die bestes te verwerf.

Die koor het ook op 5 Mei by Laerskool Tygerpoort aan die 'meer-ervare'-afdeling van die Pretoria Eisteddfod deelgeneem en 'n A++ behaal. Die Rooidasse is ook as die algehele wenners van die kompetisie aangewys.



*Die tenore in aksie. Voor staan Kenny Kok en Edmund Atterbury. In die middel is Gustav Bouwer, Ruan Griffin en Josua Lombaard. Heel agter staan Ryan Bosch en Behan Nel. Op die foto bo is me. Gisela Scriba (begeleier) en mnr. AJ Maree (dirigent).*

# Musikante ryg toekennings in by Eisteddfod

Alexander Coetzer Kristensen

Die prysuitdeling van die Pretoria Eisteddfod was vanjaar op 29 Mei in die Potgietersaal en die swing-ensemble is by dié geleentheid as algehele wenner in die afdeling vir orkeste aangewys. Die konsertorkes en die strykorkes het ook puik presteer en was albei kategoriewenners.

Die Affies het ook op individuele vlak méér as hul kant gebring en Terrence Beattie, Luan Claassen, Ben Cilliers, Lodewikus Prinsloo, Mornay Greyling (voor) en Morné Erlank, Ockert Kruger, Juanco van Zyl, Reinhardt Snyman, Reuben Wolfaardt, Gustav Bouwer, Martinus van Rooyen en Janrich de Necker (agter) is almal met kategorie-pryse beloon.



# OOP HANDE EN HARTE MAAK WÉRKLIK 'N VERSKIL

Die eerste Gee-week vir vanjaar was van 18 tot 29 Mei en die skoolgemeenskap het sóveel bygedra dat Laerskool Generaal Nicolaas Smit sewe bakkievragte en 'n skoolbussie se produkte en skenkings by AHS kon kom oplaai.

Mnr. Heinrich van Jaarsveldt kon boonop ook wildsvleis, toiletware, skoonmaakmiddels en niebederfbare kos na Bramley Kinderhuis neem.

Volgens me. Salomé de Bruyn (organiseerder van SOUT) is daar by hiérdie Gee-week veral op niebederfbare kos gefokus om die wintervakansie vir die kinders by Generaal Nicolaas Smit meer draaglik te maak. "Baie van hulle kry daagliks by die skool 'n bord kos en daarom kan vakansies vir hulle baie lank raak," sê sy. "Afgesien van kos het Affie-ouers ook toiletware, skoonmaakmiddels, klere en skoene, sporttoerusting, komberse, beddegoed, handdoeke, gordyne, boeke en speelgoed geskenk. Die skenkings word dan in samewerking met Kairos sorgvuldig gesorteer en aan verskeie organisasies in Pretoria-Wes versprei."




*Gideon Swart, Abrie Coetsee, Zijan Otto, Christian Snyman en Harrison Nass*

# Vyf debatspanne in opmars na ATKV-finaal!



*Die junior span van Hardus Ferreira, Reuben Laubser en Hendrik Botes (aan die woord) tydens die ATKV-debatskompetisie.*

James Roets

Die Affie-debatteerders het gedurende die tweede kwartaal weereens hul uitsonderlike vernuf gewys met vyf spanne wat die Affie-wapen vroeg in Augustus tydens die finale rondte by Klein Kariba sal dra. Affies spog vanjaar met die meeste spanne in die ATKV-finaal van enige skool in Suid-Afrika – 'n prestasie wat ons status as een van die land se voorste debatskole verder bevestig. Altesaam 15 Affie-spanne het in April reeds aan die eerste rondte van die ATKV-debatskompetisie deelgeneem, waarvan nege spanne na die semifinaal deurgedring het.

Die provinsiale rondte van die Con Spirito-debatskompetisie het op 19 en 20 Junie by Hoërskool Oosterlig plaasgevind. Affies het 22 spanne ingeskryf, waarvan 15 na die volgende rondte deurgedring het – nóg 'n bewys van die diepte en kwaliteit van Affie-debat. "Hierdie uitslae wys dat dat Affie-debat nie net tans uitblink nie, maar ook 'n belowende toekoms het," sê mnr Hanno Wassermann, hoof van debat.

# ... en viér vurige sprekers gaan ook hul sê by die eindrondte sê

Hardus Ferreira

Affies word weer uitstekend verteenwoordig by die finaal van die ATKV-redenaarskompetisie wat op 4 Augustus by Klein Kariba plaasvind.

Samuel Robertson, Ofentse Serote en Harrison Nass (almal in graad 9) en Werner Victor in graad 12 is die gladdebekke wat die skool se naam hiér gaan hoog hou.



Samuel Robertson (graad 9)



Ofentse Serote (graad 9)



Harrison Nass (graad 9)



Werner Victor (graad 12)

# GREY *EN* AFFIES *WEDYWER (EN KUIER SAAM) VIR DIE SOVEELSTE KEER!!*

Met meer as tien verskillende kultuur- en sportaktiwiteite blý die interskool-geleentheid met Grey Kollege 'n hoogtepunt op ons skoolkalender en vanjaar was geen uitsondering nie.

Affies en Grey speel reeds vir dekades lank teen mekaar rugby, maar van die vroeë 2000's af het die interskole uitgebrei om byna elke moontlike skoolaktiwiteit in te sluit – van gholf, tennis en skaak tot debat en koor. Saam met die gesonde wedywering wat plaasvind, word daar dikwels ook oor provinsiale grense heen vriendskappe gesmeë wat jare hou, aangesien die seuns van die twee skole by gasouers tuisgaan.


*Wie gaan die eerste skuif maak? Michael Bain agter die skaakbord*


*Aankoms!*


*Dié groep fietsryers was van die eerste Grey-manne wat op die Affieplaas aangekom het. Van links is Estiaan Pfeiffer, Jaco van der Merwe, Handre Oelofse, Reyneke van Niekerk, Bernard Oelofse en MJ Badenhorst.*


Foto: Billy Brown
*Rudolph Theart*


*Die twee skole se eerste tennisspanne*


*Die strykorkes tydens die kultuuraand*


*Oudleerders van die twee skole het mekaar Vrydagaand op die rugbyveld reggesien.*


*Adriaan Boshoff en Ruben Harris (graad 8) by die Witbul*

# Wat maak *interskole* so spesiaal?

Hardus Ferreira

Vir ander skole is interskoolbyeenkomste dalk net nóg wedstryde wat hulle oor 'n naweek speel, maar vir ons by Affies is dit altyd spesiaal. Dis 'n kans om 'n titel te behou of om geskiedenis te maak.

Ons het dié jaar moeilik begin, maar almal het steeds opgedaag vir elke wedstryd, al was die uitslag nie altyd in ons guns nie. Die Garsfonteinnaweek het uitgestaan, want al het ons eerste rugbyspan teen Paarl Gimnasium en ook Michaelhouse verloor, het ons, anders as baie ander skole in Suid-Afrika, opgedaag om Garsfontein die stryd aan te sê. Slim mense sê dat om te verloor dikwels die beste manier is om te leer. As ons nie so 'n laagtepunt gehad het nie, was ons dalk minder gemotiveerd en sou ons nie vir Grey kon klop nie.

Dít is wat interskole ons leer – ons daag op en gee ons beste, maak nie saak wát nie!

*Stroom-op* het vir 'n paar Affies gevra hoe hulle die interskoolgeleenthede ervaar, wat dit vir hulle beteken en hoe hulle dit nog verder sou verbeter:

- Ek merk 'n verskil op tussen Affies en ander skole. Die gees waarmee ons ondersteuning bied en die "guts" waarmee ons speel kan nie met geld gekoop word of aangehits word deur orkeste en luidsprekers nie. Dis die feit dat almal by Affies inkoop en deelneem en bowenal as 'n skool saamstaan.
- Affies is vir my uniek in die manier waarop ons kophou en aanhou ondersteun/sing/speel ongeag die telling of span teen wie ons speel.
- Die Witbulle is 'n span wat vanjaar drasties gegroei het. Soos wat die rugbyseisoen gevorder het, het hulle al meer karakter gewys. Hulle het met hul rug teen die muur wedstryde, tellings en ook die hele seisoen omgedraai.
- Vir my is die beste deel van interskole die atmosfeer as jy daardie Vrydagoggend in die vierkant instap en al die baniere sien hang. En om dan daardie Saterdagmiddag so 'n paar skroewe los te spring.
- As ek die interskoolgeleenthede nóg verder kon verbeter, sou ek byvoorbeeld in die week voor Paul Roos en teen Paarl Gim ook meer aktiwiteite doen soos wat ons dit voor die Grey-interskole het.
- Ek dink ons geniet ons interskole dalk deesdae 'n bietjie minder as voorheen omdat die skool se invloed op die dirigente dalk 'n bietjie te groot word.
- Interskole is spesiaal, want dit maak nie vir Affies saak hoe ver die Witbulle of Witstokke voor of agter is nie, ons sal steeds aanhou sing.
- Ek sou daarvan hou as meer Affies die hokkie gaan ondersteun – dis regtig lekker om te kyk en die ouens weet dit nie.



*Spotprent: Julius Bergh en Frederick Roux*

# *GEORGE KUSCHE* OORWIN DIE GEDUGTE COMRADES IN 'N REKORDTYD!



Frederick Roux

Oud-Affie George Kusche (matriek 2016) het die Comrades vanjaar vir die tweede keer aangepak en die wêreld verstom deur nie net as wenner uit die stryd te tree nie, maar ook deur die 18-jaaroue rekord te verbeter.

Die vorige rekord van 5 uur 24 minute en 49 sekondes wat in 2008 deur die Rus Leonid Shvetsov opgestel is, is met 8 minute 43 sekondes verbeter toe George die opdraande-wedloop van Durban na Pietermaritzburg met 'n ongelooflike tyd van 5 uur 16 minute en 6 sekondes afgelê het.

"My kop was hierdie keer skoon en leeg – ek het geweet ek gaan net elke oomblik moet 'execute'. Dit het bloot geverg dat ek van die begin af die regte besluite neem. Ek het besef dat ek die eerste 50 km baie kalm sal moet bly en dán die krane sal moet begin oopdraai. My plan het toe goed uitgewerk", het George aan *Stroom-op* gesê. "Die laaste 25 km was egter baie pynlik. Teen ongeveer die 65 km-merk het ek 'n kramp in my linkerkuit gekry en in kombinasie met moeë bene was dit róf. Ek was dus verlig toe ek wen, omdat ek bang was dat iemand my oor die laaste 10 km sou vang."

George was as jong seun in Laerskool Malelane waar hy aan ál die sportsoorte deelgeneem het. "In my graad 8-jaar op Affies het ek meer ernstig op hardloop begin fokus – hoofsaaklik omdat ek tydens die interhuis die 800 m gewen het. In rugby kon ek slegs die F-span haal," sê George. "Ek het my potensiaal tydens my vyf jaar by Affies ontdek en ek weet nie of ek ooit sou hardloop as dit nie daarvoor was nie."

In hierdie tyd het George ook vir die Junior Wêreld Atletiekkampioenskap gekwalifiseer en het die 800 m tydens dié byeenkoms in 'n tyd van 1 minuut en 47 sekondes afgelê. Ná skool het hy (met 'n atletiekbeurs) na die VSA gegaan waar hy aktuariële wetenskappe gaan studeer het.

George het met sy terugkeer na Suid-Afrika aan 'n padwedloop deelgeneem en daarna in 2024 vir die Kaapstad Marathon ingeskryf waar sy tyd goed genoeg was om deel te wees van die "Elitegroep" by die Comrades. "Omdat dit so 'n gewilde wedloop is, het ek besluit om dit te probeer" sê hy. George het egter in Januarie 2025 sy enkelligament geskeur en kon toe eers aan die einde van Februarie vir sy debuutmarathon begin oefen. Met slegs sowat drie maande se oefening voltooi hy die 89,98 km-marathon in 5 uur 41 minute en 23 sekondes en behaal 'n twaalfde plek.

Vanjaar was hy egter gereed! "My oefening vir 2026 se Comrades het baie goed gegaan, ek het nie enige beserings of siektes gehad nie." Sy vrou, Lizerie, het hom voortdurend bygestaan, ook tydens die marathon, en is volgens hom sy grootste ondersteuner.

George se tyd by Affies het al sy talente werklik laat groei. Van sy gunsteling-onderwysers was mee. Gène van Wyk en Martina de Vos, en ook mnr. Joynt. "Ek het veral baie geleer by my Rekeningkundeonderwyser, me. De Vos. Sy was en is steeds 'n ongelooflike mens en onderwyser."

Anders as wat baie mense van só 'n goeie sportman sou verwag, was dié Affie-atleet ook baie veelsydig. Hy het Musiek as vak gehad, is mal oor klassieke musiek en speel nog steeds klavier. Hy was verder ook op die *Stroom-op*-redaksie.

George laat ons met die woorde: "Maak seker jy word elke liewe dag beter in iets."

# 'n Onderhoud met *SPRINGBOK* nommer 956!

Christiaan Brits



Affies se nuutste Springbokrugbyspeler, Ruben van Heerden (matriek 2015), het op 18 Julie in die wedstryd teen Wallis in Durban sy buiging vir die nasionale span gemaak. Hy is Affies se twaalfde Springbok. *Stroom-op* het hom uitgevra oor sy loopbaan, die Springbokoefenkamp en hoe Affies hom gevorm het.



*Witbul-Ruben in 2015*

**Hoe het jy gevoel toe jy uitvind dat jy die naweek gaan speel?**

Toe ek my naam op die spanlys sien, het ek 'n mengsel van skok en opgewondenheid ervaar.

**Het jou tyd by die Witbulle jou enigsins daarvoor voorberei om vir die Springbokke te speel?**

In my graad 11-jaar het ek vroeg 'n besering opgedoen en toe ek weer sien was ek uit vir die hele jaar. As 'n mens so hard werk en daarvan droom om vir die Witbulle te speel en jy kry daardie besering, haal dit nogal die wind uit jou seile. Dit het my voorberei om deur teleurstelling te werk as 'n mens nie dadelik gekies word vir die span waarvoor jy wou speel nie.

**Watter oud-Affie was jou grootste inspirasie?**

Pierre Spies. Hy was natuurlik 'n uitstekende speler en as ek hom soms by Affies raakgeloop het, het hy my moed ingepraat en advies gegee. Hy is ook 'n baie gelowige mens, wat vir my baie belangrik is.

**Het hoëdruk-skolewedstryde soos dié teen Grey Kollege jou rugbyloopbaan beïnvloed of help vorm?**

Deur op so 'n jong ouderdom in sulke groot wedstryde te speel, help jou definitief later om druk beter te kan hanteer.

**Hoe vergelyk die intensiteit van die Springbokkamp met dié van skole- en klubrugby?**

Die oefening en veral die verwagtinge verskil drasties. Jy kan nie bekostig om by die Springbokke foute te maak nie omdat jy dalk net 'n sekere hoeveelheid tyd op die veld kry om te oefen. Jy moet daardie tyd laat tel! Jy kan die hele oefening opfoeter en dan mors jy nie net jou eie tyd nie, maar ook dié van jou spanmaats. Die intensiteit by die Springbokke is net soveel hoër as enigiets wat ek al voorheen ervaar het.

**Wat het jy oor jouself geleer toe jou Springbokdrome ver gevoel het?**

Dat ek nie al die antwoorde het nie. Ek kan planne maak soos ek dink en wil, maar uiteindelik moet jy jou oorgee aan die Here en by sy wil bly.

**Watter advies sal jy vir huidige Affies gee wat ook daaroor droom om eendag vir die Springbokke te speel?**

Jy moet ongelooflik hard werk en seker maak jy doen die régte goed om eendag daardie droom te bereik. Jy moet ook nederig bly. Moet nooit vir één oomblik dink dat jy 'die ou' is nie."

**Hoe het jy teleurstelling hanteer in tye van beserings of wanneer jy uit spanne weggelaat is?**

My geloof. Kyk, as jy 'n sterk fondasie en 'n verhouding met die Here het, dan is jy op 'n rots gebou. En natuurlik is 'n sterk ondersteuningsbasis van familie en vriende ook ongelooflik belangrik.

**Definieer die term 'Affie-guts' in jou eie woorde**

Uithouvermoë en selfvertroue.

**Wat was jou keusevakke op skool en wat was jou gunstelingvak?**

Ek het Ekonomie, Besigheidstudies en RTT gehad. My gunstelingvak was seker maar my béste vak en dit was Engels."

**Wat is iets wat jy by Affies geleer het en nêrens anders nie?**

My ervarings by Affies het 'n tipe van veerkragtigheid in my gevorm, omdat ek moes leer om regtig hard te werk en om deur verskillende omstandighede te "baklei" – so basies Affie-guts."

**Wat was jou gunstelingdis by 1920?**

Definitief die Prego-roll.

**As jy nou met graad 8-Ruben kon praat, wat sou jy vir hom sê?**

Om nie alles so ernstig op te neem nie en om net die reis (of "journey") te geniet.

## KORTLIKS



● Oud-Affie-krieketheld **Jacques Rudolph** (matriek 1999) is in Junie as Affies se nuwe borge- en verhoudingsbestuurder aangestel. Hy het 'n uiters suksesvolle loopbaan as internasionale krieketspeler gehad en het Suid-Afrika 48 keer in toetskrieket en 45 keer in die eendagformaat verteenwoordig.

Hy was ook kaptein van verskeie spanne, onder andere die SA A-span.

Jacques het aan die einde van 2017 sy professionele krieketloopbaan beëindig en was sedertdien as entrepreneur by verskeie besighede betrokke. "Dit is vir my 'n besondere voorreg om terug te keer na my alma mater wat 'n belangrike rol in my persoonlike en professionele ontwikkeling gespeel het," het Jacques ná sy aanstelling gesê.

● Oud-Affie-langasematleet **Luan Munnik** (2018) het 'n goue medalje verwerf by die Afrika-kampioenskap in Accra, Ghana. Hierdie sege verseker sy insluiting by die 2027-wêreldkampioenskap

● **Vihan Pretorius** (matriek) en **Jorich van Schalkwyk** (matriek 2024) was deel van die groep van vyftien o.19-spelers wat onlangs na Engeland getoer het.

# KRIEKETTOER NA SRI LANKA VERRYKEND VIR ALMAL

Jay-Dee Nel

Dertien seuns, drie afrigters en vier ouers het Sri Lanka die afgelope vakansie besoek en agt wedstyde teen privaatskole en streekspanne gespeel, waarvan hulle sewe gewen en net een verloor het.

Volgens mnr. Pieter Cronjé (hoof van krieket) was die toer vir almal baie leersaam. "Sri Lanka is daarvoor bekend dat hulle oor uitstekende draaibalboulers beskik en ons Affie-kolwers het baie hieruit geleer.

"Die seuns het ook almal gesien en ervaar dat krieket in ander lande nie so maklik is as wat dit altyd lyk nie. Die hitte en humiditeit hiér is permanent 'n uitdaging.

"Dit is 'n tropiese land en die plantegroei en omgewing is pragtig. Vir Suid-Afrikaners was die gebrek aan baie vleisgeregte dalk 'n uitdaging, maar die vriendelike en behulpsame mense daar het almal sommer vinnig van vleis laat vergeet."



Die toergroep by hul aankoms op die lughawe in Colombo in Sri Lanka

Die dae wat daar nie krieket gespeel is nie, het die groep kans gehad om die land 'n bietjie te verken. Die seuns het selfs geleentheid gehad om op olifante te ry.

Die Sri Lanka-toer was beslis vir elke seun 'n reuseondervinding en iets wat hulle nie gou sal vergeet nie.

# Twee Affies speel waterpolo in Australië

Frederick Roux

Twee Affies het as deel van Skole Waterpolo Suid-Afrika (SWPSA) se o.18-span na Australië gereis om daar aan die Australiese Jeug Waterpolo Kampioenskap in Brisbane deel te neem. Ettiene van der Merwe en Ruan Engelbrecht (albei in graad 12) was in die span wat 'n goue medalje gewen het nadat hulle Sydney se SNB Breakers met 15-14 in 'n strafdoelstryd verslaan het. Die span het die toernooi onoorwonne afgesluit, wat 'n groot internasionale sukses was. Mnr. Tribelhorn (oud-Affie 2019) is tans afrigter by Affies en was as hulpafrigter deel van die toergroep. Mnr. Ferdinand Postma (hoof van waterpolo) was op sy beurt bestuurder van die o.16-span.

- Ettiene van der Merwe en Hatie Dippenaar het albei SSA (Protea-kleure) in Waterpolo verwerf en het Suid-Afrika in Julie by die wêreldkampioenskap in Portugal verteenwoordig.


Ruan Engelbrecht, mnr. JC Tribelhorn en Ettiene van der Merwe

# "Birdies, Bogeys en Bragging Rights"

Jay-Dee Nel

Die jaarlikse Affie-gholfkampioenskap het op 12 April by Waterkloof Gholfklub plaasgevind. Dit was 'n opwindende dag gevul met sportmanskap en uitstekende gholfspel deur die Affie-manne.

In die C-afdeling het Anru Fourie die eerste plek behaal nadat hy deurgaans goeie, konsekwente spel gelewer het. Ruben Loggenberg het op sy beurt afdeling B gewen met 'n indrukwekkende vertoning op die baan.

Die hoogtepunt van die dag was egter Nathan Palmer (foto onder) se uitstekende spel in afdeling A. Hy het die afdeling en ook die kampioenskap gewen met 'n merkwaardige telling van 3 onder baansyfer (69).


Xander Bosman, Meyer Smit, Dawid Roos en Luc Kelder

# DERTIEN SKOLE IN PRETORIA BYEEN VIR JAARLIKSE AFFIE GHOLFFEES




Jay-Dee Nel

Van die land se beste skolegholfspanne het mekaar einde Maart tydens die Affie Gholffees die stryd aangesê. Die toernooi was oor vier dae en die formaat van die spel is daagliks aangepas, met houespel op Waterkloof, beterbal op Silver Lakes en IPS-formaat op Woodhill Gholfbaan.

Op die vierde dag is daar volgens die uitslae van die vorige drie dae 'n rangorde geskep en Affies se eerste span het in wedstrydspelformaat teen Paarl Gimnasium te staan gekom om die derde en vierde plek te bepaal. Affies se tweede span het op húlle beurt teen Michaelhouse gespeel.

Grey High School eindig uiteindelik eerste, met Hoërskool Waterkloof en Paarl Gimnasium in onderskeidelik die tweede en derde plek. Affies se eerste span eindig vierde in die kompetisie.

## KORTLIKS

- Die eerste en tweede **gholfspan** het vroeg in Mei aan die Woodlands Junior Meesterstoernooi deelgeneem. Uit die 94 spelers eindig Franco Els sewende, Fourie du Preez twaalfde en Luan Coetzee dertiende.
- Die **landlopers** het die afgelope vakansie (13 tot 18 Julie) 'n oefenkamp by Dullstroom gehou.
- Die **fietsryspan** het in Junie aan die tweede been van die Cycle Lab Skolereeks by Riversands Farm Village deelgeneem en lê tans bo-aan die punteleer.
- Lodewyk de Clercq (graad 8) is by die 2026 Northerns o.15A **Muurbalspan** ingesluit wat aan die interprovinsiale toernooi in Junie deelgeneem het.
- Marc Janse van Rensburg en Ian Dryer (albei in graad 8) het van 21 tot 25 Maart in die o.16-ouderdomsgroep aan die Junior Nasionale **Swemkampioenskap** in Gqerberha deelgeneem. Ten spyte van hulle jeugdigheid het hulle uitstekend presteer met Marc wat 'n eerste, vyfde, sesde en agtste plek en Ian wat 'n eerste plek en twee derde plekke behaal het.

Milan Crowther (graad 11), Stefan Erasmus en Jayden Venter (albei in graad 10) het van 18 tot 20 Maart, ook in Gqerberha, aan die Jeug Nasionale Kampioenskap deelgeneem en uitnemend presteer.

Die laaste rondtes van **Skaak** se D4-groepliga is die week van 10 Mei gespeel en die spelers het uitstekend gevaar.

Ook op individuele vlak het Affies hulle man gestaan met vyf skaakspelers wat gekwalifiseer het om by Cornwall Hill College aan die D4 Tshwane-distriksfinaal deel te neem. Michael Bain was eerste in die o.15-afdeling en Alexander Feuth derde in die afdeling vir o.17's. Dié twee Affies dring deur na die Gauteng-uitspeelwedstryde wat later vanjaar plaasvind.

# FENOMENALE WITBUL-SEISOEN LEI TOT GESKIEDKUNDIGE UITSLAE


Foto: iShootStories Powered by King Price Insurance

Christiaan Brits

Die Witbulle van 2026 het teen druktyd reeds 13 wedstryde gespeel, waarvan hulle slegs vier verloor het. In die eerste kwartaal het hulle met Hoërskool Waterkloof en Paul Roos Gimnasium koppe gestamp, waar hulle gemaklik met die Klofies klaargespeel het, maar ongelukkig die knie moes buig teen die Stellenbossers.

By vanjaar se NoordSuid-en Wildeklawer-toernooie was die Witbulle onoorwonne met wentellings teen Oakdale, Durbanville, Outeniqua en Paarl Boys High. Die wedstryd teen Paarl Boys High sal veral onthou word vir die Witbulle se briljante terugvegpoging in die tweede helfte. Die span het net 28 minute nadat die wedstryd begin het reeds 'n 20-punt-agterstand gehad en in die doodsnikke van die wedstryd was die Affies 33-37 agter. Paarl Boys High se spelers het waarskynlik gedink dat hulle die wedstryd in die sakkie het toe buitesenter Estian Marx aan die bittere einde oorgeduik het om die wentelling 40-37 aan te teken. Dehan Botha, linkervleuel, is ná sy briljante vertoning as die speler van die wedstryd aangewys.

Die Witbulle het gedurende die res van die seisoen ook gewys waarom hulle altyd vir ander spanne 'n bedreiging inhou. Hulle het slegs drie keer verloor (teen Michaelhouse, Paarl Gimnasium en Garsfontein), maar wenuitslae behaal teen Grey PE, Jeppe en KES.

Die grootste oorwinning was egter dié teen Grey Kollege vir wie Affies in 2015 laas kon klop. Vanjaar se wedstryd was 'n kat-en-muis-speletjie, want die twee spanne het beurte gemaak om punte aan te teken. In die 55ste minuut was die telling 14-14, toe die manne van Bloem 'n geleentheid op ons eie vyfmeter gehad het. 'n Groot misverstand tussen die Grey-spelers het veroorsaak dat hulle 'n onnodige steekskop probeer deursit het, waarop Affies se graad 11-senter, Rico du Plessis blitsvinnig gereageer het. Die graad-11 het sy spanmaat en regtervleuel, Dandré Brink gevind, wat met die bal onder die pale deur geduik het. In die 66ste minuut het die Witbulle, ná 'n dryfmaalbeweging wat doodgestop het, die bal vir die sterke derduiwel en linkervleuel, Dehan Botha, gegee. Danksy 'n swak verdedigingslyn kon hy die Greylyn klop om die finale spyker in die doodskis te slaan. Die eindtelling was 28-21 en skrumskakel Fourie Roberts is as speler van die wedstryd aangewys.

Vanjaar se eerste span het nie net die huidige Affies trots gemaak nie, maar ook elke oud-Affie en onderwyser wat daarvan gedroom het om die Bloemfonteiners nog 'n keer te klop. Die seisoen het dalk effens ongemaklik begin, maar die 2026-Witbulle het ware Affie-guts gewys om die beste daarvan te maak en uit hulle foute te leer.

# *Magdom Affies verwerf* **provinsiale kleure** *in rugby en hokkie*

Christiaan Brits

Twee en veertig Affie-rugbyspelers kon vanjaar die Bloubultrui oor hulle koppe trek! Ses leerders was by die Cravenweekspan, vier in die Akademieweekspan, twee in die O.18 VKB-week span, nege in die o.17A-span, ses in die Grant Khomo A-span, drie in die Grant Khomo B-span, sewe in die o.15A-span, vier in die o.15B-span en een in die o.15 C-span.

Affies se ses Cravenweekspelers was Charl Els (matriek, haker), Martin van Niekerk (matriek, slot), Caleb Pretorius (graad 11, flank), Ethan Williams (graad 11, skrumskakel), Joshua Gouws (graad 11, veelsydige agterlynspeler) en Hannes Nagel (matriek, stut).

Wat hokkie betref, het vyftien seuns Noord-Gauteng by die interprovinsiale toernooi verteenwoordig. Hulle is Jean Slabbert en Steph Beyers (14B), Dean Plews, Steffan Smit, Vaughn Ferreira en John-William Lock (14C), Elijah Young, Joshua Smuts, Nielen Hartman en Zander Ladiellis (16B), Gawie de Kock (18B), Zeann Marais, Rudolph Thiart, Wium van Niekerk en Kean Cornelissen (18A).

## *... en vier gekies vir* **SA-spanne**


Rugbyspelers Martin van Niekerk en Charl Els is ná die Cravenweek gekies vir die SA Skole A-span


Hokkiemanne Rudolph Thiart en Kean Cornelissen is op hulle beurt vir die SA O.18-A en O.17A-span gekies.

## Tennisspelers wys hul staal by Kearsney Feestoernooi

Die eerste tennisspan het in Mei aan die Kearsney Tennis Feestoernooi deelgeneem en uitstekend gevaar. Hulle het tot in die finaal gevorder en uiteindelik naelskraap teen Paul Roos verloor. Lourens Swanepoel (graad 12) is as die beste nommer een van die toernooi gekroon, en is ook aangewys as speler wat die meeste uithouvermoë getoon het. Natanael Tollig (graad 12) is as beste nommer 5-speler aangewys.

# VAN PAARL TOT BLOEMFONTEIN: *WITSTOKKE* TRIOMFEER


MJ Celliers in aksie
Foto: Billy Brown

Paul-Ralph Smit

Die Witstokke beleef tans een van hul beste seisoene in etlike jare. Die span het reeds indrukwekkende oorwinnings teen drie van Suid-Afrika se tradisionele hokkiekragte behaal deur Paarl Gimnasium, Grey Kollege en KES te verslaan.

Die span se sukses word verder weerspieël in die Noord-Gautengspanne wat onlangs aangekondig is. Affies het nie minder nie as vier spelers in die Northerns A-span en een speler in die Northerns B-span – die meeste ooit. Dit beklemtoon die hoë gehalte van die program en die talent wat tans deur die Witstokke ontwikkel word.

Nog 'n hoogtepunt van die seisoen was die Pretoria Cup, wat vanjaar die eerste keer plaasvind. Die Witstokke het hul plek in die halfeindstryd bespreek, waar hulle vroeg in Augustus teen Pretoria Boys High te staan sal kom. Affies kan egter die wedstryd met selfvertroue aanpak nadat hulle Menlopark vroeër vanjaar tydens die eksamen met 2-0 geklop het.

Die span het op 22 Junie ook die voorreg gehad om na twee besonderse oud-Affie-gassprekers te luister. Kruger van Wyk (matriek 1998), was by Affie-hokkie en het ná sy skoolloopbaan vir Nieu-Seeland se nasionale span krieket gespeel. Brendan du Toit (matriek 2017) was op sý beurt onlangs doelwagter vir die Proteas tydens die FIH Nations Cup. Die sprekers het hul ervarings van internasionale sport gedeel en gesels oor die toekoms van hokkie by Affies. Daar is gefokus op die opwindende moontlikhede wat nuwe fasiliteite en ontwikkelingsprogramme vir die skool inhou, asook hoe harde werk, dissipline en toewyding uiteindelik tot sukses kan lei. Brendan het ook insig gegee in die dryfkrag agter sy eie hokkieloopbaan en die ingesteldheid wat nodig is om op die hoogste vlak mee te ding.